*Scriptura* 11 (1984) 50-78

# DIE NUWE TESTAMENT - GESAGSBRON VIR 'N CHRISTELIKE VEELGODEDOM?
## - Enkele gedagtes rondom die verstaan van die NT vir vandag -[1]

*Jacques Rousseau*

*Abstract - The New Testament - source for a christian polytheism?*

Christians interpret the Bible in so many (and very often contradictory) ways with regard to theological and ethical matters, that christianity could be accused of polytheism. This results in an authority-crisis within christianity and a powerlessness within the world. The only way out of this dilemma is to verify and give account of everything that in=fluences our "understanding" of the NT. This implies that NT Hermeneutics should be expanded to include the theorizing on and the verification of the interpreter's presuppositions with regard to reality, science, truth, God and the NT. Furthermore, the unfounded atomizing of the understanding of the NT into either a theological or a historical or a linguis=tic approach should be discarded. The interrelatedness of these aspects should be acknowledged. Therefore a "Relational model" for the understanding of the NT is proposed and illus=trated. This approach rejects fundamentalism and biblicism and attempts to understand the NT from the perspective and thrust that explains the origin, form and message of the NT adequately. Finally, the way in which the gap between the NT message and its application for today is bridged, is accounted for in this hermeneutical model.

* * *

## *I PROBLEEMSTELLING: 'n CHRISTELIKE VEELGODEDOM ?*

Let 'n mens vandag op die verdeeldheid onder die magdom kerke en sektes in Suid-Afrika, asook op die babelse verwarring onder christene m b t hul standpunte oor kontensieuse sake, word die christendom se aanspraak dat hul *een God* dien, gewoon *ongeloofwaardig*. Veeleerder blyk hierdie verskille en geskille tussen christene verklaar te word o g v 'n "bysleep" van die OT en NT as gesagsbron om elkeen hul eie "gode" te sanksioneer - *inderdaad 'n christelike "veelgodedom"!* So sou mens met een=tonige reëlmaat kon aantoon hoedat die verdeeldheid van die christendom terug te voer is tot 'n willekeurige en ongekontro=leerde "gebuig" van die Bybel om eenvoudig die politieke, sosio=logiese, ekonomiese en religieuse grondoortuiginge (="gode") van enkelinge of groepe te bekragtig. Van die eenheid van geloof is daar weinig sprake - eerder 'n bespotting: "Daar is

baie liggame en verskillende geeste, vele Heres, verskillende gelowe en 'n verskeidenheid dope" (vgl hierteenoor Efesiërs 4:4-6).

Dit is meer as duidelik dat *die verdeeldheid van die christendom* nie slegs enkele barsies in 'n stewige muur is nie, *maar 'n diep en wye kloof* wat strek van Genesis tot Openbaring. Van bladsy tot bladsy en boek na boek word die wye spektrum van verskille en geskille oor die verstaan van die Bybel al hoe meer en al hoe groter. So tref ons o a teologiese verskille aan waaroor daar reeds eeue lank getwis word m b t die interpretasie van die Drie-eenheid, die verbond, die sakramente, die kerk ens; etiese geskille waarin die paaie uiteenloop oor die kerk-staat verhou= ding, die mag van die staat, die ekonomie, die seksuele, die definiëring van lewe en dood, die wenslikheid van straf ens; asóok hewige verskille m b t die historisiteit van Genesis 1-11, Jona, Daniël en Jesus. Hierdie verskille en geskille skei christene van mekaar en word vererger deur hulle onderlinge beskuldiginge, verkettering en etikettering van mekaar in terme van fundamentaliste of relativiste, konserwatiste of liberaliste, kerke of sektes en broers of "broeders". Geen wonder dat christene duiselig en inkonsekwent raak vanweë hierdie geweldige diep kloof wat gelowiges van mekaar skei nie. So vind ons dat dieselfde gelowige wat byvoorbeeld die Sabbat as geldend vir christene beskou, die hoofbedekking vir vroue as uitgedien beskou of dieselfde denominasie wat in die verlede diakonesse as onskriftuurlik gereken het, eensklaps omdraai om diakonesse weer skriftuurlik te begrond. Neem ons, ten slotte, in ag dat bogenoemde uiteenlopende verstaan van die OT en NT saamhang met die godsdienstige, politieke, sosiologiese en ekonomiese agter= grond van elke individu, blyk hierdie kloof van 'n christelike "veelgodedom" haas onoorbrugbaar te wees.

Hierdie oorsigtelike en ruwe skets van die verdeeldheid binne die christendom gee effens van 'n idee wat die dilemma alles behels. Eenvoudige antwoorde of *kitsoplossings bestaan nie!* Daarom sal elkeen wat enigsins uit hierdie dilemma wil kom, 'n stuk gesonde eerlikheid aan die dag moet lê met betrekking tot die grondoortuiginge en voorveronderstellings (= "gode") wat hulle hele menswees, en daarom ook hulle Skrifhantering, bepaal. Verder moet die uitdaging aanvaar word om die bul by die horings te pak en die kern van die probleem aan te durf. Te dikwels is daar in die verlede probeer om die simptome van die siekte te "dokter", sonder om die oorsaak daarvan vas te stel en te elimi= neer. M i is die *kern van die dilemma* (as verdeelde christendom) terug te voer na 'n *hermeneutiese krisis* d w s *hoe moet die OT en NT "verstaan" word?* In hierdie artikel word daar juis

stilgestaan by die Hermeneutiek (en met name NT Hermeneutiek) om sodoende te probeer kom tot 'n beter "verstaan" van die NT. *Dit wat nou volg, is maar 'n eerste poging om die huidige stand van my denke m b t die "verstaan" van die NT te verwoord.* Der=halwe sal dialoog en kritiek oor my teorie en metodiek verwel=kom word sodat daaraan gekorrigeer, geskaaf en uitgebou kan word.

## *II NT HERMENEUTIEK: DIE SKEIDING VAN DIE WEË !*

Omdat die paadjies reg van die begin af (d w s in die beskouing, verstaan en benadering tot die Skrif) uiteenloop, sal dit alleen maar sinvol wees as daar by die Hermeneutiek wat juis die "verstaansproblematiek" ondersoek, begin word. So sal elkeen sy *"verstaan van die NT"* onder die vergrootglas moet neem en *krities evalueer* om sodoende te probeer kom tot 'n altyd beter "verstaan van die NT" ooreenkomstig sy eie aard. Dit beteken dat "alles" wat bewustelik of onbewustelik 'n rol mag speel in die interpretasie van die NT verwoord asook verantwoord moet word. Dit is egter duidelik dat die definiëring en omskrywing van wat "Hermeneutiek" alles behels, uit en uit gaan bepaal wat alles ter tafel gaan kom. Daarom word daar nou allereers weggespring met 'n definisie en omskrywing van NT Hermeneutiek. Nadat omskryf is wat die "verstaansproses" alles behels (*hoofstuk II*), word teoretiese en metodologiese vertrekpunte vir 'n NT Hermeneutiek verwoord en verantwoord (*hoofstuk III* ) om uiteindelik 'n moontlik hermeneutiese model voor te stel (*hoofstuk IV)*.

### *A. DEFINIËRING EN OMSKRYWING VAN NT HERMENEUTIEK*

"NT Hermeneutiek is dié sub-dissipline binne die NT Wetenskap wat hom besig hou met die *teorievorming rondom die verstaan en vertolking* van die NT."

As toeligting en omskrywing by die definisie van NT Hermeneutiek word die volgende opmerkings gemaak.

1 As sub-dissipline binne die NT Wetenskap wil die Hermeneutiek uiteraard binne die *kader van "wetenskaplikheid"* beweeg. Dus word daar gepoog om van die begin af die teorievorming m b t die verstaan en vertolking van die NT metodologies en argumentatief te verantwoord.[2)] Hierdie strewe na "wetenskaplikheid" is gebore uit die begeerte om nie die NT te isoleer net vir "inge=wydes" nie, maar om in gesprek te tree met ander vakwetenskappe en nie-christene rondom 'n sinvolle "verstaan" van die werklik=

heid waarin ons leef. Dit is m i die regmatige vertolking van 1 Petrus 3:15 in die 20ste eeuse konteks van rede, tegnologie en wetenskaplikheid: "Wees altyd bereid om *verantwoording* te doen aan elkeen wat van julle *rekenskap* eis omtrent die hoop wat in julle is".

2 Dit is dan in die lig van bogenoemde ook heel gepas dat die NT Hermeneutiek al breër en breër gesien word. Vroeër is die Hermeneutiek bloot gesien as die "Leer/teorie van Skrifuit=leg". Tans is dit *verbreed tot die hele verstaans- en vertol=kings-problematiek in al sy kompleksiteit.*[3] So moet die verstaans- en vertolkingsproblematiek van die NT m i verbreed word tot *die mens* (as eenheidswese) *se sinvolle verstaan van God* (soos in die NT verkondig) *en die wêreld.* Dit impliseer dat die NT Hermeneutiek hom minstens oor die volgende sake moet verantwoord:

2.1 *DIE MENS* as eenheidswese. Die lewens- en wêreldbeskouing, grondoortuiginge en voorveronderstellings van die mens/navorser/Nuwe Testamentikus kom hier ter sprake. Die siening van die mens in terme van "tabula rasa" oftewel 'n "skoon blad=sy" is lankal nie meer houdbaar nie. Die mens se verstaans=proses word deur 'n reeks faktore gekleur - hiervan moet daar rekenskap gegee word ook wanneer ons die NT wil verstaan. So sal verskillende mense die NT en dus ook die OT verskillend verstaan. Of is dit net toevallig dat bv die christene uit die derde wêreld 'n bevrydingsteologie bedryf teenoor christene van die westerse wêreld wat Romeine 13 beklemtoon?

2.2 *DIE WETENSKAPSMODEL* van die navorser. Elke vakwetenskap het sy voorveronderstelling m b t sy wetenskapsbeoefening. Dus moet ons definisie van "wetenskap" ook verbreed word sodat die wetenskapsmodelle met hulle voorveronderstellings ook daar=onder verreken word.[4] Naas die wetenskapsmodel waarvan 'n navorser uitgaan, wend hy ook nog verskeie metodes (elkeen met hulle voorveronderstellings) aan in die bestudering van sy objek. Ook dit moet verantwoord word - hetsy dit 'n linguis=tiese of historiese of teologiese metode is wat aangewend word om die NT te ontleed.

2.3 *DIE SKRIFBESKOUING* van die navorser. Elkeen wat die NT wil bestudeer het reeds 'n bepaalde verstaan van die NT. Skrifbeskouings is uiteenlopend en moet derhalwe telkens ge=toets word. Sommige sou die Bybel as meganies-geïnspireerde, tydlose Woord van God beskou; terwyl ander dit as organies-geïnspireerde en histories-bepaalde getuienis omtrent God en mens beskou; terwyl nog ander dit as antieke en literêr-swak geskrifte beskou.

2.4 *DIE VERTOLKINGSMODEL* van die Nuwe Testamentikus. Die vertolking van die NT het te make met die aktualisering van die NT in eietydse taal en begrippe. Uiteraard is daar meer as een manier hoe iemand die NT kan aktualiseer - ook dit sal geëvalueer moet word. As iemand die NT verantwoord vir vandag wil vertolk, impliseer dit dat so iemand homself, die NT en die wêreld verantwoord sal verstaan. Dus is die vertol=king eers moontlik ná 2.1 - 2.3 asook 'n studie van die werklik=heid waarin ons leef.

*Kernagtig* sou ons 2.1 - 2.4 so kon saamvat: *Ken jouself, die Bybel en die koerant* as jy die NT vir vandag wil "verstaan".

3 Dit is dan rondom hierdie verstaan en vertolking van die NT wat die Hermeneutiek *'n Teoretiese Model* wil daarstel. In die uitwerking van so 'n teorie en metodiek vir die NT Hermeneutiek sal al bg sake te wete: die mens, wetenskapsmodel, Skrifbeskouing en vertolkingsmodel verreken moet word.

4 In die ontwerp van 'n hermeneutiese model is dit *vanself=sprekend dat die insigte van die NT Eksegese ten volle ver=reken sal word.* Dit is immers die Eksegese wat die NT tekste analiseer en hulle eie aard blootlê. Sodoende word belangrike boustene vir die Hermeneutiek vanuit die Eksegese verkry. Om=gekeerd gee die Hermeneutiek weer belangrike riglyne waaraan die Eksegese moet voldoen. Dus het ons 'n eksegeties-hermeneu=tiese sirkelgang waaruit ons nie kan ontkom nie. Tog sal daar op die ou end aan die Eksegese die laaste woord gegee moet word, aangesien metodes en modelle staan of val in die mate wat hul aan NT geskrifte se eie aard, reg laat geskied - dit is juis in die analise van die teks (= eksegese) waar hierdie modelle ge=toets kan word.

Natuurlik sal ander NT sub-dissiplines soos Kultuur-historiese agtergrond en Teologie ook verreken moet word - die Eksegese vorm egter ook van hierdie sub-dissiplines die fondament.

5 Dit is laastens belangrik om te besef dat die poging om die NT te *"verstaan" reeds 'n lang geskiedenis agter die rug het.* Dus het ons enersyds die voorreg om te kan kers opsteek by ander wat vantevore geworstel het met die verstaan van die NT, en andersyds, die verpligting om kennis te neem van hoe ander die NT verstaan om sodoende gevrywaar te word van 'n "eensydige en beperkte" verstaan. So sal daar kers opgesteek moet word by die res van die christelike familie:

5.1 by broers en susters in die geloof (d w s by dié wat in

dieselfde kerklike tradisie staan: Gereformeerdes, Presbi=teriane, ens);

5.2 by neefs en niggies in die geloof (d w s by die christene wat binne ander kerklike tradisies staan: R K K, Charis=matici, ens);

5.3 by oupas en oumas in die geloof (d w s die christelike voorvaders: Luther, Calvyn, Augustinus, ens);

5.4 asook by kinders in die geloof (d w s jong kerke wat die produk van sendingwerk is: swart, gekleurde en Derde Wêreld kerke).

Bogenoemde 5 opmerkings by die definisie van die Hermeneutiek is m i *die basiese riglyne vir 'n ontwerp van 'n NT Hermeneu=tiek.* Dit is binne hierdie breër verstaan van NT Hermeneu=tiek waar ons as christene erns moet maak om uit die dilemma en impasse van ons verdeeldheid en "veelgodedom" te kom.

*B. DIE SKEIDING VAN DIE WEË*

Uit die definiëring en omskrywing van NT Hermeneutiek soos hierbo uiteengesit, is dit nou reeds *duidelik dat die verskil=lende weë tot die verstaan van die NT hier skei.* Sou 'n Nuwe Testamentikus of gelowige nie saamstem of geen aanvoeling hê vir 'n breër en omvangryker benadering tot die verstaan van die NT nie, is dit volkome sinloos om oor die uitleg of betekenis van die NT vir vandag te redeneer. Vir 'n sinvolle gesprek en bydrae tot die oplossing van die christelike "veelgodedom", moet daar *allereers konsensus en begrip wees rondom* die doel=witte en kompleksiteit van *die "verstaansproblematiek"* waarmee die NT Hermeneutiek worstel.

Uitgaande van bogenoemde hermeneutiese veronderstellinge, word daar nou in die volgende hoofstuk teoretiese en metodologiese vertrekpunte vir 'n NT Hermeneutiek verantwoord.

## *III BASIESE VERTREKPUNTE VIR 'n NT HERMENEUTIEK: TEORETIESE EN METODOLOGIESE OORWEGINGE*

My vertrekpunte vir 'n NT Hermeneutiek word na aanleiding van die definisie en omskrywing van die Hermeneutiek as volg verdeel:

*A. Vertrekpunte buite die NT Wetenskap.* Die volgende sake

moet minstens hier verantwoord word: die mens as eenheidswese met sy voorwetenskaplike vertrekpunte (m n sy lewens- en wêreld=beskouing), sy wetenskapsmodel asook die omskrywing en afgrensing van sy betrokke wetenskapsdissipline. (Vergelyk *II A* 2.1, 2.2 en 2.4).

*B. Vertrekpunte vanuit die NT Wetenskap.* Dit behels eenvoudig die vertrekpunte wat reg wil laat geskied aan 'n verstaan van die NT ooreenkomstig sy eie aard en bedoeling. (Vergelyk *II A* 2.3 en 4).

Omdat 'n mens se Skrifbeskouing en benadering afhanklik is van die lewens- en wêreldbeskouing wat gehuldig word, word die ver=trekpunte buite die NT Wetenskap doelbewus eerste onder die loep geneem.

## *A. VERTREKPUNTE BUITE DIE NT WETENSKAP*

Die mens se lewens- en werklikheidsbeskouing is sekerlik dié belangrikste faktor wat die mens se "verstaan" van die werklik=heid (waaronder die NT sorteer) bewustelik en (meer dikwels) onbewustelik bepaal. Hiermee is dan ook die *grondslag vir die vertrekpunte buite die NT Wetenskap* op die tafel geplaas nl *die strewe tot 'n sinvolle en verantwoorde werklikheidsverstaan* (vergelyk *II* 2). Hieronder volg nou allereers buitelyne van my werklikheidsverstaan, wetenskapsmodel en Godsbegrip.

### 1 *DIE VERSTAAN VAN DIE WERKLIKHEID: 'n LEWENS- EN WêRELD=BESKOUING*

*"'n Mens kan die werklikheid nie ontvlug nie."* In meer as een opsig is hierdie stelling relevant vir 'n vertrekpunt buite die NT Wetenskap. Allereers wil dit sê dat die mens in die "werk=likheid" of "wêreld" leef. Van hierdie komplekse werklikheid probeer ons rekenskap gee om dit, enersyds, beter te verstaan en, andersyds, leefbaarder te maak. Om vir die werklikheid te vlug, is sinneloos (omdat dit "in werklikheid" onmoontlik is), wreed (omdat die mens hom telkens te pletter loop teen die werklikheidsmuur) en vreugdeloos (omdat die mens nie leer om hom in die werklikheid uit te leef nie.)


Deur die *werklikheid as uitgangspunt* te kies, beteken aan die een kant, dat 'n *grenslose subjektivisme* (waartoe mens sou kon ontvlug weg van die werklikheid af) *vermy word,* en aan die ander kant, dat 'n *gemeenskaplike gespreksbasis daargestel word* op grond waarvan ons die werklikheid beter kan probeer verstaan. Vir die verstaan en vertolking van die NT impliseer dit dat *die boodskap van die NT nie wêreldvreemd* is nie, maar aktueel en van

die allergrootste belang. Ten diepste is die gesprek met die werklikheid en die wêreld begrond in die getuienistaak van die christendom. Sou die gesprek met ander vakwetenskappe m b t die realiteite van hierdie wêreld geïgnoreer word, is dit net tot skade van die christendom.

Hierteenoor staan 'n werklikheidsverstaan waarin die wêreld en werklikheid vermy word en natuur en genade volledig geskei word. Dit lei dan ook dikwels tot 'n grenslose subjektivisme (dikwels onder die dekmantel van die "leiding van die Heilige Gees") en 'n afsydigheid teenoor alles wat rasioneel en wetenskaplik is. Dit is duidelik dat daar in die lig van sodanige uiteenlopende werklikheidservaringe, geen sinvolle gesprek oor die "verstaan" van die NT gevoer kan word nie. As ons hoegenaamd die werklik=heid (en daarmee saam die NT) wil verstaan en beheers, sal ons dit gekontroleerd en verantwoord moet doen. Dit bring ons by die volgende punt.

## 2 *DIE BEHEERSING VAN DIE WERKLIKHEID: 'n WETENSKAPSMODEL*

Om enigsins sinvol en konstruktief met hierdie werklikheid besig te wees, moet dit tog verantwoordelik (= wetenskaplik) gedoen word. Sonder hierdie vertrekpunt is enige gesprek sin=loos omdat elkeen homself gewoon toespin in die kokon van sub=jektivisme waarin almal in selfgesprek hulself eggo. M i is die volgende sake relevant vir 'n *verantwoorde wetenskapsmodel wat dan ook as basis moet dien om die NT wetenskaplik te ontleed.* Skematies sou mens die proses van wetenskaplik-besig-wees as volg kon voorstel:




2.1 Die onderskeidende of unieke kenmerk van wetenskaplik-besig-wees is *teoreties-logiese analise* d w s die teoretiese identifisering en onderskeiding (= analise) van aspekte van die

werklikheid op grond van logiese en rasionele kriteria.[5] In die proses van analise of ontleding is ons in 'n bepaalde siklus vasgevang. Dit behels eerstens die analise, dan die sistematisering en laastens die evaluering of toetsing.

2.2 In *die analise* moet die volgende sake wel deeglik verreken word: die navorser (met sy voorveronderstellinge en agtergrond), die metode (met inagneming van die herkoms en vraagstelling wat daaraan ten grondslag lê) asook die objek (met inagneming van sy eie aard).

2.3 Met die *sistematisering en teoretisering* van die resultate van die analise moet die kompleksiteit van wetenskaplik-besig-wees nie uit die oog verloor word nie (vergelyk 2.2 hierbo). Dit moet die navorser weerhou van die postulering van absolute, tydlose waarhede of feite. Dit is verder in hierdie verband interessant om daarop te wys dat groot ontwikkelinge in die wetenskap selde of ooit alleen toe te skryf was aan rasionele oorsake.[6] Telkens kan nuwe ontwikkelinge of insigte toegeskryf word aan 'n onvoorsiene konseptuele transformasie (Gestalt-Switch). Hiermee word die proses van wetenskaplik-besig-wees en wetenskaplike ontwikkeling nog ingewikkelder. Reken mens nog hierby die feit dat in die praktyk die bestudering van die werklikheid gefragmenteerd is in die talle vakwetenskaplike dissiplines wat elkeen op 'n besondere aspek van die werklikheid fokus, is die waarskuwing teen die maklike postulering van absolute waarhede, geregverdig. Juis as gevolg van die verskillende vakwetenskappe wat elk met sy eie studie-objek besig is, *bestaan die gevaar dat ons die werklikheid gefragmenteerd verstaan en daarom dikwels misverstaan.*

2.4 Na die analise en sistematisering van die resultate bly nog die *toetsing en evaluering* van die resultate oor. Benewens die kontrolering van die analise en sistematisering is die vergelyking met die resultate van ander van onskatbare waarde vir die evalueringsfase.

2.5 Dit is nou, ten slotte, reeds *duidelik dat* in ons wetenskaplik-besig-wees met die werklikheid in sy totaliteit, *waarheid nie absoluut is nie maar relasioneel.* In die soeke na die waarheid speel die mens en sy interpretasie van wat waar is, 'n beslissende rol. Die begrip "relasionele waarheid" wil dan juis hieraan uitdrukking gee.[7] Hierdie begrip is 'n verbetering op die vroeëre onderskeiding van waarheid (objektief) wat toegeëien moet word (subjektief). Ons kan nie iets soos objektiewe waarheid ken nie - alleen maar "in relasie" tot die mens. Dit geld vir alle vakwetenskappe (ook die sg eksakte

wetenskappe). Waarheid het dus 'n relasionele waarde. Iets is waar "vir my". Omdat ons egter reeds gesien het dat die mens kultuur-histories bepaald is en dit sy interpretasies kleur, beteken dit dat ons kennis van die werklikheid in terme van waarskynlikhede en voorlopigheid gestalte vind.[8)]

Bostaande wetenskapsmodel sou uit die aard van die saak onaan= vaarbaar wees vir diegene wat glo in absolute en tydlose waar= hede. So sou 'n gesprek oor die verstaan en vertolking van die NT vir vandag met iemand wat waarheid tydloos verabsoluteer 'n onbegonne taak wees. Dikwels is die verabsolutering van waarheid juis die oorsaak van 'n gebruik van die NT as resepte= boek waar tekste gesoek word vir elke geleentheid of kwaal - 'n benadering wat m i onhoudbaar is.

Omdat alle mense in relasie tot die waarheid (dus vanuit hulle voorveronderstellings en kultuur-historiese bepaaldheid) staan, skep dit ruimte ook vir die teoloog of Nuwe Testamentikus om die werklikheid in terme van sy relasie tot God (in die lig van die NT) te verstaan. (Dit onthef hom egter nie van die eis tot wetenskaplikheid en werklikheidsrelevansie nie.) Dit bring ons vervolgens by die "sinvolle" verstaan van die werklikheid in terme van 'n Godsbegrip.

## 3 *GOD EN DIE WERKLIKHEID: GODSDIENSWETENSKAP, TEOLOGIE EN KERK*

Soos dit sinloos vir die mens is om die werklikheid te ontvlug, is dit *sinloos om in 'n God te glo wat niks met hierdie werklik= heid te doen het nie.* As God "werklik" is, het Hy noodgedwonge met hierdie werklikheid iets te make. 'n Godsbegrip of die belydenis "My God" veronderstel immers twee basiese komponente nl

- God as die transendente - die gans andere;
- Die ervaring van God - immanent en betrokke.

Wat transendent en immanent dan konkreet beteken, sal deur elke godsdiens gekonkretiseer moet word.

Wanneer daar verder aanvaar word dat God op besondere wyse in die OT en NT spreek, naas die aanname dat die wêreld sy skepping is, is dit logies dat Skriftuur en Natuur, geloof en werklikheid moet korreleer. Sou dit nie die geval wees nie, hou ons ons besig met 'n sinlose spel. *"If there were indeed no connection between our lives and God, then everything that we have to say about God would be in vain".*[9)] In hierdie sin sou ons kon sê: ook God (en daarmee dan die OT en NT as getuienis van Hom) kan die werklikheid nie ontvlug nie - as Hy werklik God is, is dit immers sy werklikheid.

Die godsdienswetenskap, Teologie en Kerk hou hulself onderskei=delik besig met God en die werklikheid. Wanneer verskillende Nuwe Testamentici onderskeidelik 'n godsdienswetenskaplike, teologiese of kerklike benadering tot die verstaan van die NT het, is dit voor-die-hand-liggend dat dit tot verskillende interpretasies van die NT sal lei. Derhalwe sal die vertrek=punte m b t die relasie godsdienswetenskap, teologie en kerk ook belangrik wees in die verstaan van die NT.


Teenoor hierdie aanvaarding van God se betrokkenheid by die werklikheid, staan diegene wat God en werklikheid (geloof en rede) skei asook diegene wat geen ruimte laat vir 'n Godsbegrip in hierdie werklikheid nie. *Om enigsins sinvol in gesprek te tree oor die verstaan en vertolking van die NT sal daar eers oor hierdie vertrekpunt buite die NT wetenskap konsensus bereik moet word. Dit geld ook vir die ander vertrekpunte.* Daarom, as iemand die "bose werklikheid" en die "goddelose wetenskap" as vertrekpunte neem OF as iemand anders die waarheid "tydloos verabsoluteer" en daarmee saam die dogma en die kerk "tydloos verabsoluteer", is enige gesprek rondom die verstaan van die NT (in die lig van bg vertrekpunte) volkome sinneloos.

*Met hierdie vertrekpunte buite die NT Wetenskap, kom ons nou by die vertrekpunte vanuit die NT Wetenskap. Uit die aard van die saak gaan die vertrekpunte buite die NT Wetenskap die ver=trekpunte vanuit die NT Wetenskap beïnvloed.* Dit blyk dan ook duidelik in die volgende afdeling waar die NT as werklikheids=verskynsel met behulp van ander hulpwetenskappe benader word. Dit bevestig bogenoemde vertrekpunte rondom 'n werklikheidsver=staan, wetenskapsmodel en Godsbegrip.

## *B. VERTREKPUNTE VANUIT DIE NT WETENSKAP*

Die vertrekpunte wat nou ter sprake kom, is *vertrekpunte wat gebaseer is op die eie aard van die NT* en dus te make het met *Skrifbeskouing* - 'n essensiële komponent in NT Hermeneutiek (vgl *II A* 2.3). Elke studie-objek stel immers eiesoortige eise daar wat in ag geneem moet word as ons daaraan reg wil laat geskied. Vir die verstaan en vertolking (Hermeneutiek) van die NT moet sy eie aard eweneens deeglik in ag geneem word. In die NT Wetenskap is dit met name die Eksegese wat ons help om die eie aard van die NT te ontbloot. Dus word die volgende vertrekpunte *gebaseer op die Eksegese* en die resultate wat daaruit voortspruit (wat dan weer deur die ander onderafdelings van die NT bestudeer en gesistematiseer word). Omdat hierdie vertrekpunte weer getoets en geëvalueer moet word t o v die eie aard van die NT, beteken dit dat ons in 'n voortdurende sirkel=

gang van toetsing en kontrolering vasgevang is:




Omdat ons reeds 'n lang geskiedenis van NT navorsing agter ons het, sou ons dom wees as ons nie by die navorsingsgeskiedenis gaan kers opsteek nie. Sodoende sou ons eensydighede en slag=gate kon vermy asook voortbou op die vertrekpunte uit die ver=lede. Oorsigtelik gesien onderskei ek drie basiese vertrek=punte vanuit die NT:

1 Die NT as eksponent van die teken-aspek van die werklikheid.
2 Die NT as eksponent van die historiese aspek van die werklik=heid.
3 Die NT as eksponent van die geloofsaspek van die werklikheid.


Hierdie vertrekpunte moet deeglik verreken word wanneer ons in die NT Hermeneutiek die NT wil verstaan en vertolk vir vandag. Wanneer die eie aard van die NT geïgnoreer word, staan ons voor die versoeking om elkeen sy eie namaaksels/gedrogte van die boodskap van die NT te fabriseer.

*1 DIE NT AS EKSPONENT VAN DIE TEKEN-ASPEK VAN DIE WERKLIKHEID*

Op die vraag *"Wat is die NT?"* sou mense verskillend reageer: Woord van God; boek van die christendom; boek oor Jesus, ens. Op die vraag *"Wat sien jy?"* terwyl die NT opgehou word, sou die antwoord ietwat anders daar uitsien: 'n boek; papier wat saamgebind is en vol simbole/letters is. Laasgenoemde is m i dan ook die mees basiese en voor-die-hand-liggende waarneming m b t die NT - dit is geskrewe dokumente! Dit is 'n *taalver=skynsel.*

Dat die NT geskrewe dokumente is, beteken dat dit o a 'n *eksponent van die teken-aspek van die werklikheid is.* Onder die teken-aspek sorteer nie alleen skrifsimbole nie, maar ook klanksimbole, handsimbole (gebare) en objekte as simbole (swas=tika, duur motor, ens). Ons aandag word egter, wat die NT betref, gevra vir skrifsimbole.

Voordat ons enige iets meer oor die eie aard van die NT kan sê, moet ons uiteraard eers die Griekse skriftekens en hulle be=tekenis vasstel. Daarom sou ons tereg *die teken-aspek van die NT as die toegangspoort tot die verstaan van die NT* kon beskryf.




(Ons kom later by die ander kenmerke van die NT)

Dit beteken verder dat hulpwetenskappe soos Algemene Linguistiek, Literatuurwetenskap, Kommunikasiekunde, asook die vak Grieks as sulks, van ontsettende groot belang is in ons verstaan van die NT.

1.1 Omdat die NT oorspronklik in *Grieks* geskryf is, is die relevansie daarvan vir die verstaan van die NT voor-die-hand-liggend. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Adolf Deissmann in *Licht vom Osten* 1908 oortuigend aangetoon het dat die NT in die gewone, alledaagse omgangstaal van destyds (= koinē-grieks) geskrywe was en nie in 'n "besonderse heilige en geheimsinnige taal" nie.


1.2 In die lig van die feit dat die NT in alledaagse omgangs=taal geskrywe was, beteken: "Greek and Hebrew are simply languages, like any other languages, and they are to be under=stood and analysed in the same manner as any other ancient tongues".[10] Alhoewel elke taal natuurlik sy eiesoortighede (bv grammatikaal) het, geld daar ook algemene taalreëls wat belangrik is in ons verstaan van die NT. Vanuit die *Algemene Linguistiek* kan ons waardevolle insigte kry vir 'n verantwoorde verstaan van die NT teks. Wanneer die NT teks ontleed word, sal daar noodgedwonge kennis geneem moet word van linguistiese vertrekpunte rakende die ontstaanswyse van 'n geskrif[11]; verrekening van die konteks; taal en struktuur[12]; sintaksis; semotaksis; woordstudies asook die vertaalkunde. Dit impliseer dat daar dan met vrug gebruik gemaak kan word van teksanalises (byvoorbeeld Struktuur-, Redevoering- en Komponentanalises) in die ontleding van die NT teks.

1.3 Vanuit die *Literatuurwetenskap* kry ons ook heelwat hulp om die NT geskrifte as literêre skeppinge beter te ver=staan.[13] Afhangende van die doel van die skrywer, word ver=skillende literêre tegnieke aangewend. Verskillende literêre vorme en tegnieke vereis verskillende interpretasiereëls wat wel deeglik in ag geneem moet word indien ons dit reg wil verstaan. So sou dit tog absurd wees om die boek Openbaring (wat Apokalip=tiek is) op dieselfde wyse as Paulus se briewe te verstaan. So

vereis 'n gelykenis ook om op 'n bepaalde wyse verstaan te word. Dit sou fataal wees om die bydrae van die Literatuurwetenskap te verontagsaam in ons verstaan van die NT.

1.4 Met die opkoms van die massamedia in hierdie eeu het die *Kommunikasiekunde* ook sy verskyning gemaak. Die hele proses van kommunikasie is onder die vergrootglas geneem. Dit is veral die insigte van die kommunikasiekunde m b t geskrifte wat vir ons relevant is.

Die kommunikasie-proses word as volg voorgestel:[14)]




Hieruit is die kompleksiteit van die kommunikasie-proses met=een geïllustreer. Voordat verstaan moontlik is vir die ont=vanger, moet bg sake m b t die sender en die medium bekend wees wat beteken dat daar 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk, betekeniservaring en aktualiteit aanwesig moet wees tussen sender en ontvanger. Daarsonder kan die sender en ontvanger nie kommunikeer nie.

Dat ons in die verstaan van die NT met meer as net 'n taalaan=geleentheid (vgl die agtergrond van sender, medium en ontvanger) te make het, het nou al by meer as een geleentheid deurgeskemer en bring ons vervolgens by 'n volgende vertrekpunt vir 'n ver=antwoorde Skrifbeskouing.

2 *DIE NT AS EKSPONENT VAN DIE HISTORIESE-ASPEK VAN DIE WERKLIKHEID*

Naas die vraag van "Wat sien jy?" aan die NT, sou mens verder kon vra *"Waar kom dit vandaan?"* Hierdie vraag kan ons juis nou beantwoord nadat ons die NT as geskrifte geïdentifiseer het. Die vraag "waarvandaan?" is 'n vraag na die oorsprong of die geskiedenis van die NT. Dat die NT inderdaad 'n eksponent van die historiese-aspek van die werklikheid is, kan m i minstens van drie kante af beredeneer word:


2.1 Die eerste sou ons kon noem die *literêr-historiese faset.* Taal en skrif is die handewerk van mense - dit is die produk van kultuur-historiese vorming deur die mens. *So is die NT die skeppinge van die vroeë christendom d m v taal en skrif.*

Die NT is derhalwe die historiese oorsprongsdokumente van die christendom. Die feit dat taal en literatuur deur mense geskep word, beteken dat die historiese-aspek van die NT geskrifte die mees grondliggende kenmerk (= wesenskenmerk) van die NT is. Die teken-aspek bly egter die toegangspoort waardeur ons die histo= riese-aspek in al sy fasette kan ontbloot. (Daarom dat die NT as taal eerste behandel is.) Die rede waarom ons die NT onder= werp het aan die insigte van die Linguistiek en Literatuur= wetenskap, is ten diepste daarin geleë dat die NT 'n literêr-historiese skepping is soos alle geskrifte.

Wanneer die NT dan as deel van antieke literatuur beskou word, is dit ook *onderworpe aan literêre oordele* daaroor soos goed of sleg, prosa of poësie ens. Omdat ons onder meer literatuur= soorte vind waarin die werklikheidsverband waarna die tekste verwys van beslissende belang is (bv geskiedskrywing, koerante, ens), noodsaak dit soms die navorser om ondersoek in te stel na die gebeure waarna 'n teks verwys. Dit beteken dat Geskiedenis as vakwetenskap hierby ter sprake kom. Dit is vir ons studie van die NT, waar die gebeure rondom die persoon van Jesus van Nasaret sentraal staan, van groot belang. (Hierdie saak kom later weer ter sprake).

2.2 Tweedens sou ons 'n *tradisie- of tekshistoriese faset* kon onderskei.[15] Die historiese bepaaldheid van die NT is nie alleen te bespeur in die feit dat mense dit geskryf het nie, maar ook in die waarneming dat elke geskrif 'n ontstaansgeskie= denis agter die rug het. Elke outeur stel sy gedagtes op skrif met behulp van groter en kleiner gedagtekomplekse wat hy uit sy ervaring (tradisie) ontleen en herinterpreteer. So sou ons met *Literêre-kritiek* kon probeer vasstel op watter tradisies of bronne 'n outeur steun in die skrywe van sy geskrif. In die antieke literatuur is ons nie so bevoorreg met die 20ste eeuse gebruik waar skrywers dikwels hulle bronne aandui met behulp van voetnotas of 'n Bibliografie nie. Waar daar in die NT uit die OT aangehaal word, word dit dikwels eksplisiet genoem. Daar is egter nog baie ander tradisiemateriaal wat versteek lê in die NT geskrifte. So kan ons met behulp van *Vormkritiek* en sy kri= teria bepaalde geykte of tipe tradisievorme onderskei, byvoor= beeld gelykenisse, strydgesprekke, himnes.[16] Hierdie vorme het hulle ontstaan te danke aan 'n bepaalde sosiologiese konteks byvoorbeeld die erediens as sosiologiese konteks van himnes en belydenisse. Soms is dit selfs vir ons moontlik om 'n inge= wikkelder *tradisiegeskiedenis* agter 'n teks na te speur - Paulus sou byvoorbeeld 'n teks uit die OT kon aanhaal terwyl ons met 'n noukeurige ontleding selfs kon vasstel of hy die Septuaginta ('n vertaling van die OT) gebruik het. Al hierdie tradisies en

gedagtekomplekse tesame met sy eie kreatiwiteit span die outeur in, in die gestaltegewing van sy geskrif. Die *Redaksie-kritiek* poog om hierdie redaksie van die outeur oop te vlek om sodoende 'n beter begrip van die bedoeling of aksent van die outeur te bekom asook informasie m b t die herkoms en tradisiekring van die outeur.[17)] Ons sou die tradisie-historiese faset van die NT geskrifte as volg kon voorstel:




Ten slotte sou mens nog by die tekshistoriese faset kon noem dat ons nie meer die oorspronklike NT geskrifte voor ons het nie, alleen maar kopieë daarvan. Dus die finale teks het ook wat die kopiëring daarvan betref 'n lang geskiedenis agter die rug. In die kopiëring daarvan het daar dikwels bewustelike en onbewustelike foute ingesluip. Dit is dan juis die taak van die *tekskritiek* om die oorspronklike teks so noukeurig as moontlik te rekonstrueer.

2.3 Die derde faset wat te onderskei is, is die *Kultuurhistoriese.* Die historiese bepaaldheid van die NT blyk ook uit die feit dat die geskrifte geskryf is teen die agtergrond van 'n wêreld waar motorkarre, vliegtuie, ruimtereise en hartoorplantings hoegenaamd nie ter sprake was nie. Die werklikheid en *lewensomstandighede* waarna die NT verwys, is dié van *2000 jaar gelede.* In ons studie van die kultuur-historiese agtergrond van die NT kry ons waardevolle inligting vanuit die *Geografie, Argeologie en Oudheidkunde.* Om die NT reg te verstaan, is kennis van die kultuur-historiese agtergrond dikwels onontbeerlik. Telkens verdraai en wan-interpreteer ons die NT a g v 'n gebrek aan historiese agtergrond. Wanneer die agtergrond wel in ag geneem word, is dit verhelderend tot die ver=

staan en uitleg daarvan. Vergelyk byvoorbeeld die verskillende politieke klimate waarbinne die Romeinebrief en Openbaring geskryf is, en derhalwe die verskillende prentjies van die Staat wat daarin aan ons voorgehou word.

Al drie hierdie fasette van die historiese aspek van die NT het verreikende implikasies vir die verstaan daarvan. Dit bring ons aan die einde van die historiese aspek van die NT; In die gesprek tussen christene oor die verstaan van die NT, is dit baie *dikwels dié punt waar die paaie skei en 'n openlike verdag=makery hoogty vier.* Die een groep word daarvan beskuldig dat hulle die gesag van Gods Woord aantas terwyl die ander be=skuldig word van 'n naïewe verstaan van die Bybel as sou dit op 'n dag uit die hemel geval het. Dit is duidelik dat ons as christene oor hierdie saak indringend sal moet gesels. Dit bring ons by die laaste vertrekpunt m b t 'n Skrifbeskouing oor die eie aard van die NT.

## 3 *DIE NT AS EKSPONENT VAN DIE GELOOFSASPEK VAN DIE WERKLIKHEID*

Benewens die vrae "Wat sien jy?" en "Waar kom dit vandaan?" sou mens nog 'n derde vraag aan die NT kon vra: *"Wat wil dit?"* Nadat ons die vorige twee vrae beantwoord het, is ons nou in 'n posisie om 'n antwoord hierop te waag.

Uiteraard veronderstel 'n antwoord op hierdie vraag dat die NT reeds taalkundig en histories deeglik geanaliseer is. M i dwing die resultate van die NT Navorsingsgeskiedenis ons ook daartoe om die NT vanuit die geloofsaspek van die werklikheid te ver=klaar. Die skrywers van die NT geskrifte het d m v taal en tradisie-oorlewering hulle geloof uitgedruk. *Dus vind die teken- en historiese aspekte van die NT hulle sin en samehang daarin dat dit gerig is op die geloofsaspek van die werklikheid.*


Die geloofsaspek van die NT (geloof in God en Jesus Christus as laaste sekerheid) het m i twee fasette, nl

- 'n belydenis-faset. Dit sluit hulle geloof m b t God, Jesus, mens en wêreld in.
- 'n appellerende faset. Dit sluit weer die appèl op die hoorder m b t sy verhouding tot God, mens en wêreld in.

In die NT Wetenskap word dikwels van die verkondiging van die NT gepraat. Dit sluit bg twee fasette in. In hierdie sin sou ons dus die geloofsaspek van die NT ook goedskiks die teologiese aspek van die NT kan noem.[18]

3.1 *Die belydenis-faset van die NT.* Sonder om die verskille van die onderskeie NT geskrifte m b t outeur, agtergrond, literêre aard en doel uit die oog te verloor, wil ons nou die aandag op die *hart van hierdie geskrifte* vestig: wat bely hierdie geskrifte; wat lê ten grondslag van hulle boodskap; wat is die *"ultimate commitment"* van waaruit hierdie geskrifte geskryf is?

*"If we were to omit from the Christian message any account of Jesus' earthly activity, his crucifixion and resurrection, nothing specifically Christian would remain."*[19] Die gebeure rondom Jesus van Nasaret is inderdaad die hart van die NT ... *Hy is die Kanon in die Kanon!* Omdat die christendom met Jesus staan of val, is die logiese konsekwensie dat Hy die allesbepalende norm is, nie alleen vir die christendom nie, maar ook vir die NT as sulks. Die NT is tog nie Jesus self nie, alleen maar skriftelike getuienis, interpretasie en aktualisering van die Jesusgebeure. Omdat die NT die primêre oorlewering m b t Jesus is, is dit egter ons enigste toegangspoort om "iets" van Jesus te weet. Hierdie *"terugvrae na Jesus"* word egter bemoeilik vanweë die feit dat alle stof in die NT nie ewe "bruikbaar" is in hierdie soeke nie. Dit is dan in hierdie verband waar die onderskeidinge van F Hahn[20] en P Stuhlmacher[21] ons handig te pas kom. Binne die NT as *primêre oorlewering* (Grundüberlieferung) vind ons *primêre getuienis* (Grundzeugnis) wat wel vir ons die terugvrae na die *primêre gebeure* (Grundgeschehene) moontlik maak. Dit beteken nie dat ons die historiese Jesus in 'n "wie es eigentlich gewesen ist" kan rekonstrueer nie, maar dat ons via die primêre getuienis probeer vasstel watter primêre gebeure die verkondiging van die NT ten grondslag lê. In hierdie terugvrae na die *relevansie van die Jesus-gebeure* vir die NT sal ons die feit dat die primêre getuienis 'n geïnterpreteerde Jesus daarstel, nooit uit die oog mag verloor nie. In hierdie terugvrae na die Jesus-gebeure sal daar by die insigte van die Geskiedenis Wetenskap kers opgesteek moet word. O g v die onderskeidinge hier bo gemaak m b t die NT, sou ons dit skematies as volg kon voorstel:




Omdat die Jesus-gebeure (wat sentraal is in die NT) alleen via die *primêre getuienis* (wat hoofsaaklik in die evangelies gevind word) vir ons toeganklik is, *dien dit as kriterium* binne die NT, terwyl die *primêre oorlewering* (hoofsaaklik die briewe wat reeds versterkte teologiese refleksie vertoon) *rigtinggewend* is.

Met bogenoemde onderskeidinge in gedagte is die volgende wat ter sprake kom die *vraag na die betekenis, boodskap en interpretasie van die Jesusgebeure in die NT*. Sonder om breedvoerig hierop in te gaan, blyk die volgende momente m i grondliggend aan die verkondiging van die NT:

- Jesus-gebeure = heilsgebeure;
- Versoening: God - mens & mens - mens deur Jesus-gebeure
- Jesus-gebeure = eskatologiese "reeds" en "nog nie"
- Navolging: Jesus-gebeure eis beslissing tot liefde teenoor God en naaste.

Dat die *verskillende momente van die NT verkondiging ook relasioneel tot mekaar georden* is, is m i gegrond in die NT self. So blyk dit dat die *heilshandelinge van God* in Jesus Christus die hart van die NT verkondiging uitmaak. Dit is dan juis in terme van Gods heilshandelinge dat die *historiese gebeure* rondom Jesus relevant is. O g v die heil deur Jesus word daar vermaan tot *navolging (etiek)* - dit beteken dat die etiek deur beide die heilsaspek en die historiese aspek gekwalifiseer word. Die historiese aspek kwalifiseer die etiek op dubbele wyse nl enersyds die verbintenis met die Jesus-gebeure en andersyds die historiese bepaaldheid van die etiek (m a w dit is situasiegebonde). Dit alles funksioneer binne die kader van die "reeds" en "nog nie". Ons sou hierdie "gesagsorde" binne die belydenisfaset van die NT verkondiging in konsentriese vierkante kon voorstel:



Bogenoemde vertrekpunte en insigte m b t die belydenis-faset van die NT verkondiging is van beslissende betekenis vir ons verstaan van die NT.

3.2 *Die appellerende faset van die NT.* Op hierdie punt dwing die vraag na die gesag van die NT hom na vore. Die waar=neming dat die teken-aspek en die historiese aspek van die NT gerig is op *belydenis en appèl* (verkondiging), *eis 'n reaksie/respons van die lesers en hoorders daarvan.* So rig die evangelies 'n appèl op 'n fiktiewe gehoor terwyl die Paulusbriewe 'n appèl rig aan spesifieke gemeentes. *Die aard van die NT gesag word bepaal o g v die doel van die NT.* Dit het ons op hierdie sta=dium reeds aangesny onder die belydenis-faset van die NT ver=kondiging - dit wat die NT geskrifte bely, is waarop die appèl gebaseer is. *Dus* is die *gesag* van die NT geleë in die belydenis dat die Jesus-gebeure heilsgebeure is en derhalwe appelleer op 'n beslissing (of 'n beslissing veronderstel) by die hoorder/leser tot navolging binne die eskatologiese raamwerk van die "reeds" en die "nog nie". Anders geformuleer: *die gesag van die NT is geleë in die betroubare getuienis van die vroeë Christendom dat die gebeure en verkondiging rondom die persoon van Jesus van Nasaret van beslissende betekenis is vir die eksistensie van die mens in sy op-weg-wees in hierdie werklikheid.*

Bg was natuurlik die gesagsaanspraak wat die NT geskrifte op sy destydse hoorder/lesers gehad het. Wanneer ons as 20ste eeuse christene ons verbind aan hierdie belydenis en appèl, lê die onus op ons om dit vir vandag te vertolk. Ons moet die *relevan=sie van die NT verkondiging vir vandag* kan aantoon. So dwing die eie aard van die NT, as eksponent van die geloofsaspek van die werklikheid, ons tot gesprek met die werklikheid waarin ons leef. Hierdie gesprek met die werklikheid is pas nou eers moont=lik, nadat ons die NT na sy eie aard en wese probeer verstaan het.

Hiermee word die vertrekpunte vanuit NT wetenskap wat ten grond=slag van 'n verantwoorde Skrifbeskouing behoort te lê, afge=sluit.

## *IV 'N HERMENEUTIESE MODEL:*
## *'N GEÏNTEGREERDE EN RELASIONELE BENADERING*

In die opmerkings by die definisie van NT Hermeneutiek, is NT Hermeneutiek beskrywe as deel van die mens (as eenheidswese) se sinvolle (wetenskaplik-verantwoorde) verstaan en vertolking van God (soos in die NT verkondiging) en wêreld. Ons het in

die voorafgaande reeds stilgestaan by die mens, 'n wetenskaps=model en 'n Skrifbeskouing. Ten slotte moet nou rekenskap gegee word m b t 'n *vertolkingsmodel* vir die NT Wetenskap. *Hoe sou 'n mens die God van die NT vir vandag aktualiseer?* Daar is 'n paar moontlikhede oop:[22)]

1 'n Mens sou die NT direk kon toepas - en daarmee 'n streep trek deur alles wat ons tot dusver oor die verstaan van die NT gesê het.

2 'n Mens sou ook met inagneming van alles wat ons as relevant vir die verstaan van die NT aangetoon het, probeer om stippellyne en kriteria m b t die vertolking van die NT in eietydse taal en begrippe, te formuleer. Hierby sluit ek my aan (vergelyk die vorige hoofstukke).

3 Derdens sou 'n mens nuwe tekste kon skep waardeur die NT vir vandag moet kommunikeer. Hierdie weg het m i ook moont=likhede mits die vertrekpunte wat hierbo uiteengesit is ten volle verreken word - wat o a impliseer dat die skep van sulke "Nuwe Tekste" nie los kan wees van die Jesus-gebeure soos deur die NT aan ons oorgelewer is nie. Sô verstaan, sluit dit baie nou aan by 2.

Met ons aanvaarding van die tweede moontlikheid, moet ons ver=volgens kortliks stippellyne uitspel vir die vertolking van die NT vir vandag m b v 'n hermeneutiese model.

## A. *VERTOLKING VAN DIE NT: 'N GEÏNTEGREERDE BENADERING*

Uit die hele betoog tot dusver is een saak minstens duidelik nl dat die verstaan van die NT vir vandag 'n veeleisende en omvat=tende aangeleentheid is - ten minste as ons nie die NT "goed=koop" en onverantwoordelik wil uitlê en verkondig nie. Daarom moet ons die NT met 'n *geïntegreerde benadering* probeer ver=staan en vertolk vir vandag. Dit beteken dat die uitlegger en vertolker (as mens met 'n agtergrond en voorveronderstellings) sy wetenskapsmodel, sy Skrifbeskouing en Hermeneuse, sy werklik=heidservaring en analise asook sy kommunikasie met sy hoorders verreken moet word. Al hierdie aspekte bepaal en kleur mens se verstaan en vertolking van die NT en moet dus bewustelik ver=woord en verantwoord word. Alleen wanneer daar rekenskap gegee word van hierdie faktore kan die NT (en daarmee ook die Bybel) gekontroleerd bestudeer word.


Naas die verrekening en verantwoording van *bogenoemde faktore as die basis vir 'n hermeneutiese model* moet daar vervolgens 'n kontroleerbare ontwerp of sleutel tot die vertolking van die NT as sulks daargestel word. Dit is die tweede stap.

## B. *VERTOLKING VAN DIE NT OOREENKOMSTIG SY EIE AARD*

Dit is voor die handliggend dat die NT ooreenkomstig sy wese en doel verstaan sal word. Alleen wanneer ons dit in ag neem, het ons 'n basis op grond waarvan ons dit vir vandag kan vertolk.

1 *Vertolking van die NT ooreenkomstig die teken-, historiese en geloofsaspekte: 'n relasionaliteitsmodel.* In die skets hieronder word die teken-, historiese en die geloofsaspekte van die NT in terme van 'n *Relasionaliteitsmodel* verreken.

Deur 'n bepaalde teks in die NT te analiseer i t v die teken-, historiese en geloofsaspekte, is dit moontlik om die teks op bogenoemde skets "relasioneel" te plaas en te koördineer. Die koördinate van 'n bepaalde teks of perikoop word bepaal o g v die volgende vrae:




(1) KRITERIUM (GESTIPPELDE GEDEELTE)
(2) RIGTINGGEWEND (ONGESTIPPELDE GEDEELTE)
(3) APOKRIEF (BUITE BUITENSTE KWARTSIRKEL)

* Sorteer dit onder die primêre gebeure (I) of getuienis (II) of oorlewering (III)? (Horisontale as)

* Vertoon dit heils- (A) of historiese (B) of etiese gesag (C)? (Vertikale as)

* Watter taal- en kultuur-historiese aspekte moet verreken word? ("Spiespunt" aste)

*Na aanleiding van hierdie vrae kan die teks of perikoop geëvalu=eer word i t v 'n relasionaliteitsgraad wat vir ons kan help om tekste as (1) Kriterium, (2) Rigtinggewend of (3) Apo=krief te vertolk vir vandag.* Kom ons illustreer dit met 'n paar voorbeelde:

1.1 *Die Jakobusbrief:*

* Die Jakobusbrief is primêre oorlewering (III) (dit is baie duidelik nie primêre getuienis m b t die Jesus-gebeure nie) wat 'n etiese appèl (C) aan die lesers rig. Plaas ons die Jakobus=brief volgens sy koördinate op die skets blyk dit geen wonder te wees dat daar in die kanongeskiedenis soveel probleme rondom die Jakobusbrief was nie. Sy relasionaliteitsgraad m b t die heil in die Jesus-gebeure is sodanig (met uitsonderings van enkele sydelinge verwysings, ontbreek dit origens in die Jako=busbrief) dat hierdie brief alleen "by die genade" van die ander NT geskrifte sy plek binne die NT vind. Wanneer mens egter aanneem dat ons die Jakobusbrief as 'n polemiek teen 'n "ver=worde Paulus-verkondiging" sou kon verstaan en verder ook dat die etiek van die Jakobusbrief belangrike ooreenkomste met Jesus se etiek (soos deur die evangeliste beskrywe) het, kan ons die Jakobusbrief laat "gly" op die buitenste kwartsirkel vanaf koördinaat III.C tot by I of II.C (dit bly egter in die verlengde van III as primêre oorlewering).

* In die lig van al bogenoemde oorweginge het die Jakobus=brief dan wel 'n sinvolle en rigtinggewende boodskap vir ons vandag - al is dit dan "by die genade" en in die lig van die oriënterende bakens van die NT verkondiging.

1.2 *Romeine 1:3-4*

* Alhoewel Paulus se briewe van die vroegste geskrifte in die NT verteenwoordig, is dit hoofsaaklik primêre oorlewering (III) o g v die verdiepte teologiese refleksie m b t die evan=gelie waarin die primêre getuienis oor die Jesus-gebeure net sporadies deurslaan. Romeine 1:3-4 is juis so 'n geval waar

ons 'n vroeë tradisie (homologie) as primêre getuienis (II) m b t die Jesus-gebeure (B) as heilsgebeure (A) aantref. Binne die genre van die brief en die intensie van hierdie homologie as saaklik-gerig juis op dit wat die hart van die NT verkondiging uitmaak, kan ons Rom 1:3-4 op koördinaat II A.B. plaas binne die gespikkelde gedeelte. Dit is derhalwe deel van die hart van die NT verkondiging. Natuurlik sou mens verder taal-aspekte (soos die "Seun van God" as metafoor) en historiese aspekte (soos die kultuur-historiese agtergrond van die Seun-van-God begrip), moet verreken voordat 'n verantwoorde vertolking vir vandag gemaak kan word.

1.3 *Markus 12:28-34:*

* Hierdie perikoop is deel van die narratiewe primêre getuienis (II) wat enersyds die mens se relasie tot God uitspel en andersyds die liefde tot die naaste. Die liefde tot die naaste het met die etiek te doen (C). Die liefdesgebod tot die naaste sou dus op koördinate II.C geplaas kon word. In die terugvrae na Jesus via die primêre getuienis blyk dit dat die liefdesgebod onlosmaakbaar aan die Jesus-gebeure en verkondiging gekoppel is - dit was die hart van Jesus se eis tot navolging. O g v hierdie relasionaliteitsgraad vorm die liefdesgebod deel van die hart van die NT verkondiging en moet dienooreenkomstig vir vandag vertolk word. Dus plaas ons hierdie perikoop op I of II.C binne die gespikkelde gedeelte (as deel van die hart van die NT).

1.4 *Markus 13:*

* Alhoewel die evangelies hoofsaaklik as deel van die primêre getuienis m b t die Jesus-gebeure aanvaar word, is daar egter ook verdiepte teologiese refleksie ingeweef in die narratiewe stof. Verder is daar ook verskillende kleiner literatuursoorte (bv gelykenisse, strydgesprekke, ens) in die evangelies wat elkeen sy eise vir interpretasie daarstel. So vind ons in Markus 13 apokaliptiese materiaal wat ons byvoorbeeld tot versigtigheid maan in ons aktualisering van Markus 13.

Hierdie voorbeelde was alleenlik maar ter illustrasie hoe mens 'n relasionaliteitsmodel vir die vertolking van die NT sou kon aanwend. Dit beteken dat daar nog vele oorweginge vanuit die teken-, historiese en geloofsaspekte by hierdie voorbeelde verreken kan word wat ons goedskiks kan dwing tot ander insigte en konklusies m b t hierdie gedeeltes. Wat egter van kardinale belang is vir die vertolking van die NT vir vandag, is die waarneming dat verskillende gedeeltes in die NT o g v hulle *ver=*

*skillende relasionaliteitsgrade* nie alleen verskillend vertolk sal word nie maar ook verskillende gewig sal dra. *Hierteenoor* vind ons 'n *pannekoekbenadering* waarin alles in die NT op gelyke vlak en gelyke gewig verstaan word. M i is so 'n benadering nie alleen onhoudbaar en grootliks verantwoordelik vir ons dilemma van 'n christelike "veelgodedom" nie, maar vind ons ironies genoeg selfs by hierdie benadering dat hulle dikwels die NT selektief en inkonsekwent gebruik.

2 *Vertolking van die NT in die lig van sy eskatologiese karakter.* Wanneer ons die NT m b v bogenoemde relasionaliteitsmodel verstaan en vertolk, is dit egter belangrik om die eskatologiese karakter van die NT nie uit die oog te verloor nie. Alhoewel die NT die beslissende "reeds" van God se spreke deur die Jesus-gebeure bely (binne die tradisiekader van die Joods-Ou-Testamentiese God- en wêreldbeskouing) en die gelowiges in die NOU van die eskatologiese heilstyd leef, is die finale ingrype en openbaring van God in hierdie wêreld *nog uitstaande*. Hiermee word die "voorlopigheid" van ons kennis van God en wêreld onderstreep - ons kyk nog maar deur 'n spieël in 'n raaisel en eers eendag van aangesig tot aangesig. Dit is juis op hierdie punt waar die insigte van die Wetenskapsfilosofie (m n die relasionele, historiese en sosiologiesbepaalde waarheidsbegrip) sinvol verreken kan word.

Die belangrikheid van die verrekening van die eie aard van die NT in 'n hermeneutiese model is voor die handliggend. *As laaste stap in 'n hermeneutiese model bly nog oor dat die teks vertolk en geaktualiseer moet word vir die werklikheid waarin ons leef.*

C. *VERTOLKING VAN DIE NT VIR HIERDIE WERKLIKHEID*

Kragtens ons verbintenis met die NT en sy aanspraak dat die Jesus-gebeure van beslissende betekenis is vir die werklikheid waarbinne ons leef, word ons genoodsaak om die NT te vertolk in eietydse taal en begrippe. Dit vereis o a 'n *analise van ons werklikheid* in die 20ste eeu.

1 Die NT Wetenskap sal *in gesprek moet tree met ander wetenskappe.* Met die insigte en kennis van hierdie wetenskappe m b t die werklikheid waarin ons leef, moet die relevansie van die NT boodskap vir die 20ste eeuse mens aangetoon word. Die "gode" wat die 20ste eeuse mens verslaaf en verontmenslik, moet so gou moontlik ontbloot word. Die relevansie van die versoening met God en mens deur Jesus Christus moet vertolk word. Die sinvolheid van Jesus se liefdesgebod (d i liefde ten spyte van en nie ten koste van nie) moet geaktualiseer word.

2 Die *gesprek met ander godsdienste* sal ook hier ter sprake kom. Die kriterium in hierdie gesprek tussen die godsdienste is die "werklikheidsrelevansie" van die onderskeie godsdienste se Gods=belydenisse.

3 Om die mens van die 20ste eeu aan te spreek, sal die *relevan=sie van die NT in eietydse taal en begrippe verduidelik moet word.* Dit is pas nou eers moontlik nadat die NT en die *werklik=heid* geanaliseer is.

## *V TEN SLOTTE: KAARTE OP DIE TAFEL !*

Hiermee word my gedagtes vir 'n hermeneutiese model afgesluit. 'n Verantwoorde verstaan van die Bybel (en met name die NT) is baie duidelik 'n moeisame en *gekompliseerde aangeleentheid.* Daarom moet die eenvoud van die Bybelboodskap nie verwar word met die gekompliseerde aard van die grondtekste waardeur hierdie boodskap aan ons oorgelewer word nie.

As ons egter uit die dilemma van 'n christelike "veelgodedom" waarin elkeen na willekeur die NT verkrag om elkeen hulle eie "gode" te sanksioneer, wil ontkom, sal ons die komplekse herme=neutiese problematiek moet aandurf. 'n Verantwoorde en kontro=leerbare Hermeneutiek is die enigste weg waarlangs ons as christen-gelowiges en akademici mekaar weer kan vind in die eenheid van ons geloof, weliswaar te midde van die veelkleurige=heid van ons ervaring en interpretasie van God, maar minstens as 'n geloofwaardige getuienis in hierdie wêreld. Dit impliseer dat enige teologiese diskussie en kongres of kerklike debat volkome sinloos is as elkeen sy hermeneutiese vertrekpunte nie insigtelik vir ander maak om sodoende 'n bydrae te maak tot 'n beter verstaan van die NT nie. *Daarom - kaarte op die tafel asseblief!*

Mnr J Rousseau
Departement Bybelkunde
Universiteit van P E
6000 PORT ELIZABETH
Rep van Suid-Afrika

Mr J Rousseau
Department of Biblical Studies
University of P E
6000 PORT ELIZABETH
Rep of South AFrica

*NOTAS* :

1) Hierdie artikel is 'n verkorte weergawe van 'n referaat wat op 18 Maart 1983 voor die "Studiegroep Teologie" in Port Elizabeth gelewer is.

2) Vergelyk in hierdie verband die pleidooi van Van Huyssteen, J W V, *Geloof en Skrifgesag*, Pretoria: NGKB, 1982, 16-19.

3) Ek sluit dus aan by die Nuwe Hermeneutiek (geïnisieer deur G Ebeling en E Fuchs) wat betref die verbreding van die Hermeneutiek tot die verstaans- en vertolkingsproblematiek van die NT as sodanig. Vergelyk ook Roberts, J H in *Hand=leiding by die Nuwe Testament* Band I, Pretoria: NGKB, 1977, 66-67 wat ook aansluit by die Nuwe Hermeneutiek. Dit is daarom eienaardig dat die reeks *Handleiding by die Nuwe Testament* eers in hulle derde band by die Hermeneutiek uit=kom terwyl hulle in Band I met Roberts se *Inleiding tot die studie van die N.T.* m i reeds binne die kader van die Hermeneutiek beweeg. Sien verder ook Thiselton, A C, "The New Hermeneutic" in *New Testament Interpretation* (Ed I H Marshall), Exeter: Paternoster, 1977, 308-333; Ramm, B L, *Hermeneutics*, Michigan: Baker, 1971, 130-140; Pieterse, H J C, *Skrifverstaan en Prediking*, Pretoria: NGKB, 1979, asook Deist, F E, *'n ABC van Bybeluitleg*, Pretoria: Van Schaik, 1980, 113, waar hy Hermeneutiek as 'n interdissipli=nêre poging tot verstaan, beskryf.

4) Vergelyk Van Huyssteen, J W V, "Teorievorming in die Siste=matiese Teologie - die vraag na die herkoms van Teologiese denkmodelle", *ongepubliseerde referaat*, gelewer by die Dog=matologiese Werkgemeenskap van SA, 1983. Hierin toon Van Huyssteen aan hoedat die tradisionele positivistiese weten=skapsmodel deurbreek is deur die kritiese rasionalisme van o a Karl Popper. William Bartley en Thomas Kuhn sluit hierby aan deur 'n objektiewe vooronderstellinglose weten=skap af te wys. Popper en Kuhn beklemtoon die historisi=teit en sosiologies-kulturele bepaaldheid van wetenskaps=modelle. Dit is dan juis hierdie wetenskapsfilosofiese ontwikkelinge wat ook die NT Wetenskap dwing tot verant=woording oor sy eie wetenskapsmodelle - immers ook die Nuwe Testamentikus bedryf sy vak vanuit 'n "ultimate commitment" (W Bartley).

5) Strauss, D F M, *Inleiding tot die Kosmologie*, Bloemfontein: Sacum, 1978, 1-8.

6) Sien Van Huyssteen, J W V, "Teorievorming" waarin hierdie saak uitvoerig bespreek word.

7) Hierdie begrip ontleen ek aan *God met Ons. Over de aard van het Schriftgezag*, Rapport voorgelê aan die Gereformeerde Synode van Delft 1980, 12-13. Vergelyk ook die bespreking van die Rapport deur Van Huyssteen, J W V en B du Toit in *Geloof en Skrifgesag*.

8) Vergelyk o a Deist, F E, "Gedagtes oor die aard en moraliteit van (wetenskaplike) kennis" in *Theologia Evangelica* XII (1979), 16-22, asook "Hoeveel betekenisse het die Bybel dan?", *Theologia Evangelica* XIV (1981), 2-11; Heyns, J A, *Op weg met die Teologie*, Pretoria: NGKB, 1974, 85-96; Pannenberg, W, *Wissenschaftstheorie und Theologie*, Frankfurt: Suhrkamp, 1977, 346-348; Strauss, D F M, *Kosmologie*, 319; Van Huyssteen, J W V, "Die Sistematiese Teoloog en persoonlike geloofsbetrokkenheid" *NGTT* XXII (1981), 291-302 en Van Niekerk, A, "Rasionaliteit, wetenskap en geloof", *NGTT* XXIII (1982), 150-165.

9) Pannenberg, W, *Faith and Reality*, London: Search Press, 1975, 1

10) Nida, E A, *The Theory and practice of Translation*, Leiden: Brill, 1969, 7. Hierdie insig kom natuurlik al 'n lang paadjie, maar is telkens in die geskiedenis verduister. So het die Antiocheense skool (200-533 nC) iets van hierdie beginsel begryp in hulle letterlike en historiese uitleg. Maar dit is verduister deur die Alexandrynse skool (wat in 533 nC die botoon begin voer het tot met die Reformasie) se allegoriese en figuurlike uitleg. Met die Reformasie is die letterlike uitleg weer beklemtoon. Dit was veral J A Turretini in sy *De Sacrae Scripturae interpretendae methoda*, 1728, wat beklemtoon het dat die NT op geen ander wyse uitgelê moet word as ander boeke nie. Aan die begin van ons eeu was dit m n die Religionsgeschichtliche-skool wat hierdie beginsel so radikaal verstaan het dat vele christene vandag nog terugdeins vir hierdie basiese vertrekpunt en hulle derhalwe verskans deur die NT/Bybel by implikasie te beskou as uit-die-hemel-geval wat slegs deur die "Gees" verstaan kan word.

11) Vergelyk Louw, J P, *Semantiek van die NT Grieks*, Pretoria: UP, 1976, 122.

12) Vgl Du Toit, A B, "The significance of Discourse Analysis for New Testament interpretation and translation", *Neotestamentica* 8 (1974), 55: "Anyone using language - except in the case of an unsuccessful expression of language - is naturally applying structuring. This structuring may be striking or unnoticed, deliberate or spontaneous, firm or loose, successful or less successful, yet structuring remains an irrefutable fact whether at a word or sentence or more comprehensive level".

13) Vergelyk Deist, F E, *'n ABC ...*, 30. Sien in hierdie verband ook Roberts, J H, *Handleiding ...* I, 36-44 en H Zimmerman, *Neutestamentliche Methodenlehre*, Stuttgart : KBW, 1978[6], 141-177.

14) Vgl De Klerk, J J, *Prediking*, Pretoria: NGKB, 1977, 82-84, Deist, F E, *'n ABC...*, 50, en Vorster, W S, *'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld. Gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament*, Pretoria: Unisa, 1977, 18-23.

15) Vir die teorie en metodiek m b t tradisie-historiese analise van die NT is ons veral aangewese op die duitse navorsing. Vgl Berger, K, *Exegese des Neuen Testaments*, Heidelberg: UTB, 1977; Fohrer, G, *Exegese des Alten Testa= ments*, Heidelberg: UTB, 1976; Richter, W, *Exegese als Literatur Wissenschaft*, Göttingen: Vandenhoeck, 1971; Roloff, J, *Neues Testament*, Neukirchen-Vluyn 1977 en Zimmerman, H, *Neutestamentlichen Methodenlehre*, Stuttgart : KBW, 1978[6].

16) Dit was weer eens die duitse navorsing wat baanbrekerswerk op hierdie gebied gedoen het. Lees veral die bydraes van Dibelius, M, *Die Formgeschichte des Evangeliums*, 1919; Schmidt, K L, *Die Rahmen der Geschichte Jesu*, 1919, en Bultmann, R, *Geschichte der Synoptischen Tradition*, 1921.

17) Na die artikel van Bornkamm, G, "Die Sturmstillung in Matthäusevangelium" in *Wort und Dienst* NF(1), 1948, het die ondersoek na die invloed van die outeur of redaktor (m n in die evangelies) op dreef gekom.

18) Dit was veral Karl Barth en Rudolf Bultmann (weliswaar op totaal verskillende wyses) wat in ons eeu die primêre stimulus was vir 'n teologiese en eksistensiële verstaan van die Bybel.

19) Pannenberg, W, *Faith and Reality*, 68.

20) Vergelyk sy belangrike artikel "Exegese und Fundamental= theologie" in *Theologisches Quartalschrift* 155 (1975), 262-280.

21) *Vom Verstehen des Neuen Testaments. Eine Hermeneutik*, Göttingen: Vandenhoeck, 1979, 44-47.

22) Vgl Vorster, W S, *'n Ou Boek ...*, 18.